PREEKOPSOMMING

Jona 4:11

Reekstema: Van Jona tot nou.
Tema #3: ***"Laat God se boodskap jou verander".***
Teks: Jona 4.
Kernvers: ***"Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie, 'n stad waarin daar meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie weet wat reg of verkeerd is nie, en ook nog baie diere?"***
Datum: 5 Julie 2009 (met Doopbediening)
Prediker: Dr Johan Kruger (sel: 0842568031)

Waaroor gaan Jona?
Jona gaan oor God wat besig is om in die wêreld te werk. God is besig om mense terug te kry aan sy kant. Waar mense se rug op Hom gedraai is, is God op sy besigste om mense nader aan Hom te bring sodat hulle in 'n verhouding met Hom kan leef. Waar mense se sondenood die grootste is, daar is God op sy vinnigste om hulle uit die sonde te haal. Waar mense probeer om sonder God te leef, is sy genade die grootste. John Wayne het êrens gesê: ***"I don't much like God when he gets under a roof."*** God is daar **in die wêreld** besig om mense vir Koninkryk te wen. Daarom het Hy sy Seun, Jesus Christus, gestuur in die wêreld in om te soek en te red wat verlore is. In Johannes 20:21: ***"Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook."*** God gebruik gewone mense om mense te red. Hy gebruik nie engele nie, ook nie kerklike strukture of programme nie. Hy stuur mense.

Jona word geroep na Nineve
Jona, die profeet van God word in Jona 1:2 geroep deur God met die woorde: ***"Maak klaar en Gaan na Nineve." "Maak klaar"*** dui op die klaar maak met 'n gemaklike lewe waar alles net dra om eie prioriteite. En die ***"gaan"*** dui op die gehoorsaamheid om God se prioriteit jou prioriteit te maak en daar te wees waar God mense vir sy Koninkryk wil red (in Nineve). Nineve was 'n groot geweldadige heidense stad, vol korrupsie. 'n Stad wat sonder God geleef het. Dit was die hoofstad van die Assiriërs wat groot vyande van Israel was. En hoogswaarskynlik was Jona bang vir hierdie klomp heidene en vyande van hom. En daarom onwillig besluit hy om Tarsis toe te gaan (net mooi in die teenoorgestelde rigting). Maar op die skip kom al die matrose en die skeepskaptein tot bekering, ten spyte van die onwilligheid van die profeet van die Here. Hulle gooi hom in die see en God red vir Jona met die groot vis vir sy eie beswil en vir die beswil van Nineve. En dan in Jona 2 kry Jona God se hart vir verlore mense in Nineve en hy besluit om te gaan.

Roep God steeds mense vandag soos wat Hy vir Jona geroep het?
Die primêre roeping van God is om Hom te volg. God roep nie in die eerste plek mense om iets so seer vir Hom te gaan doen nie. Hy roep mense in die eerste plek: ***Volg My!*** Ons word geroep om voltyd dissipels van Jesus te wees - om in 'n lewende verhouding met Hom daagliks te leef. En wanneer ons nie hierdie geloofsverhouding met Hom in stand hou nie, kan ons nie die stem van die Here mooi hoor en agterkom wat Hy van ons verder verwag nie. Maar die wêreld is groot – en die mense se nood in die wêreld nog groter. Daarom stuur die Here sy kinders op verskillende "sendings" om iets vir Hom te gaan doen. Vir Moses het Hy gestuur om sy volk uit Egipte te lei. Josef moes deur baie swaarkry op die regte tyd en op die regte plek wees dat God hom tot onderleier van 'n groot nasie kan maak tot voordeel van God se

koninkryk. Jeremia moes weer vir die volk van die Here vertel dat hulle nie op God se pad is nie. Paulus moes weer op sy beurt die goeie nuus van Jesus Christus die hele wêreld in neem. En Jona moes na Nineve gaan. Dalk het die Here nie vir jou so groot roeping soos vir Jona of Jeremia in gedagte nie. Dalk moet die meeste van ons net die plekkie volstaan daar waar Hy jou geplant het – by jou werk, tussen vriende by die skool of op die sportveld. En dit waartoe Hy jou roep moet jy na die beste van jou vermoë doen.

Waarom was Jona so kwaad na die bekering van hierdie groot heidense stad?
Jona se ontevredeheid kan die gevolg wees van ‘n paar redes:
1. Vyande moet braai. ‘n Mens sou nou verwag dat Jona vol vreugde sal wees oor die bekering van ‘n hele stad. Hy moes eintlik fees vier. Maar die stad Nineve was tog die hoofstad van die Assiriërs – groot vyande van Jona! En dit sou net logies en verstaanbaar wees dat Jona se begeerte eerder was dat sy vyande van die aarde afgevee moes word. As jou vyande eers mooi om verskoning vra en hulle gesigte word so bietjie in die grond gevryf, dan kan ‘n mens so bietjie genade betoon. Maar vyande moet sterf! Maar God is eintlik vermetel om Jona se vyande te vergewe en genade te betoon. God maak eintlik nie mooi met Jona nie!
2. Eer as profeet op die spel. In daardie dae was ‘n profeet deur mense bevestig as *profeet van God* as die voorspellings wat hulle gemaak het, waar word. En Jona het in die strate geloop met so kort prekie wat sê dat binne 40 dae hulle verwoes sou word. En toegebeur dit nie. Sy voorspelling het nie waar geword nie. En nou is Jona in sy eer geskrenk – sy naam as profeet is in die grond in getrap. Daarom wil hy sommer sterf.
3. God in ‘n kassie. Die diepste rede hoekom Jona so ontevrede was oor die genade wat God betoon teenoor Nineve is dat Jona gedink het dat God volgens sy persepsie van God werk. Hy het God in ‘n kassie geplaas. Waar mense sonder God leef en sleg is en God nie dien nie, daar sal God hulle verwoes en verdelg. ***“So is God”,*** het hy gedink. Iemand het eenkeer gesê: ***“Wanneer jy dink God is so en dat jy nou alles van God weet, dan gaan die rooi ligte aan begin jy te dwaal.”*** God bly God. God bly ‘n misterie. Die boek Prediker sê vir ons dat ons nooit God regtig sal verstaan nie. Hy is groot (groter as ons verstande) en Hy bly God. Jona het hoogswaarskynlik gedink aan die episode met die Goue Kalf in Eksodus 32. Die volk het ontaard en ‘n goue kalf begin dien en dan sê die Here deur Moses dat Hy hulle gaan verwoes en verdelg want God was kwaad. God is die onveranderlike God. Dit is wat Hy in sy wese is: die Onveranderlike. Hy kan nie verander nie. Maar waar dit gaan om die redding van mense (Jeremia 18:7-10), kan God sy planne verander. Vergelyk weer Eksodus 32. In Jona 4:2 sê Jona dat hy van die begin af ‘n gedagte in sy agterkop gehad het dat God se genade en barmhartigheid net té groot is – sy liefde is té groot – groter as sy wil om te straf. Waar dit gaan om die redding van mense verander God sy planne. Selfs ‘n mens se sterfdatum kan God verander sodat iemand tot bekering kan kom en gered kan word. God kan enigiets doen net dat mense gered kan word. In 2 Petrus 3:9 staan: ***“Die Here stel nie die vervulling van sy beloftes uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie. Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.”*** Lees vers 8 en 10 daarmee saam.

Waar’s Jona en Jona 5?
Daar is al wyd bespiegel oor wat van Jona geword het. Sekere mense sê dat daar ‘n hoofstuk 5 moes gewees het, maar wat dalk weggeraak het. Jona 4 eindig so stomp en oop. Maar die rede is hoogswaarskynlik dat elkeen van ons onsself in Jona sal sien. Elkeen van ons het maar ‘n Jona in ons. Maar Jona is na vers 11 verander – met hierdie boodskap was Jona ‘n ander mens en het hy alles anders gedoen as voorheen (so glo ons). Mag hierdie boodskap van ‘n barmhartige en genadige God wat besig is in die wêreld om alles om ver te gooi om mense te red, ook jou lewe verander. Mag die begrip vir wat God in wêreld besig is om te doen jou gebede verander (dat jy anders en met ywer sal bid oor die koms van God se Koninkryk). Mag jou omgang met mense verander. Mag jou jou prioriteite en jou geldsake verander sodat God jou kan gebruik waar ook al Hy wil … sodat mense gered kan word.